

Hoofstuk van die dag: Numeri 30

> *As iemand aan die Here ’n gelofte doen of met ’n eed ’n verpligting op hom neem, mag hy sy woord nie breek nie; hy moet hom aan alles hou wat hy beloof het. (vers 2)*

Hier is twee beginsels ter sake. Die eerste is dat ’n gelofte

nie veronderstel is om in isolasie afgelê te word nie; veral nie as dit ander mense ook raak nie. As lid van ’n gesin of gemeenskap kan jy nie goed plegtig onderneem op jou eie nie. Daarom het die gesinshoof ’n vetoreg. In die destydse patriargale stelsel was dit natuurlik die man of pa wat die laaste sê gehad het. Vandag dink ons nie meer só oor die saak nie, maar die beginsel wat God hier neerlê, bly van krag. Jy kan nie ’n bindende besluit neem sonder om die mense om jou in ag te neem nie.
Die tweede beginsel is dat God betroubaarheid van ons verwag. Jou “ja” moet “ja” wees, en jou “nee” “nee”, het Jesus gesê (Matt 5:37) en gewaarsku dat jy nie ’n eed ligtelik moet aflê nie (Matt 5:34). Daarom moet jy mooi dink voordat jy ’n gelofte aflê (vgl Deut 23:23 en Pred 5:1-6).
Oppas vir daardie beloftes aan God as jy benoud is!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026